ADVERTENSIE

# Die DP is 'n bietjie verward – hulle dink *ons* is hulle opposisie.




## ❑ FEIT

Hou gerus dop hoe die DP hulle flou baklei om NP-stemme te probeer wegrokkel. Maar in hulle blinde gejaag na stemme, kyk hulle die werklike gevaar heeltemal mis.

Wees gerus, terwyl die DP besig is om hulle tyd en geld te mors om jou teen die NP te probeer "beskerm", beskerm ons jou teen die werklike gevaar – die ANC en die SAKP.

## ❑ FEIT

Daar is feitlik geen verskil tussen die NP en die DP se beleid nie, soos Zach de Beer self erken. Ons glo albei aan menseregte, individuele vryheid, vrye onderneming, en so meer.

Hoekom veg die DP teen dít waaraan ons albei glo en ignoreer die polities, sosiaal en ekonomies gevaarlike sosialiste en kommuniste in die ANC-alliansie?

## ❑ FEIT

Het jy in 1989 DP gestem? Dan herinner ons jou graag aan wat van sommige van jou verteenwoordigers geword: DP-LP's Dalling, Van Eck, Haswell, Cronjé, Momberg, De Wet en 'n hele spul stadsraadslede dwarsdeur die land het oorgestap ANC toe op soek na werklike mag. Jou DP-stem word toe 'n ANC-stem. Dit kan weer gebeur.

## ❑ FEIT

Anders as die DP, sukkel die NP nie alewig om *nog net een meer kandidaat* verkies te kry nie. In die Parlement moet jy getalle hê – tien geesdriftige DP's in 'n Parlement van 400 is geen opposisie nie, maak nie saak wát die DP sê nie.

Byvoorbeeld, in die Sunday Times van 17 April is 'n geheime ANC-plan vir 'n sterk kabinetsportefeulje onthul wat totale sentrale ANC-beheer oor die regering van nasionale eenheid moet uitoefen. Dís die soort aaklige realiteit waarteen jy beskerm moet word. Hoe gaan die DP dit doen sonder 'n kabinetslid?

## ❑ FEIT

Die NP veg om die verkiesing te wen.

Maar die DP is tevrede om vir ewig 'n klein opposisiepartytjie te bly, hóé swak en ondoeltreffend ook al.

Die DP se oortuigendste appél vir jou stem, is Helen Suzman se langjarige alleenstryd in die Parlement. Maar die Nasionale Party het in vier jaar uitgevoer wat sy in 35 jaar nie kon regkry nie.

Beskerming verg meer as 'n luide stem – dit verg vermoë.

## ❑ FEIT

Die DP het geswig voor oproerige gevangenes en saam met die ANC gestem dat moordenaars, verkragters en ander misdadigers wat hulle slagoffers se menseregte so genadeloos misken het, stemreg moet kry. Die NP staan dit teë.

## ❑ FEIT

Die DP verteenwoordig 'n klein groepie sogenaamde liberales – dit lyk in elk geval nie asof Zach de Beer in staat is om enigiemand anders na sy vergaderings te lok nie.

Die Nasionale Party is die enigste werklik veelrassige party met genoeg steun onder alle bevolkingsgroepe om jou te kan beskerm teen misbruik van mag deur die ANC-alliansie.

## ❑ FEIT

'n Stem vir 'n swak opposisie, is 'n verspilde stem.

Ons het jou nodig om die ANC/SAKP te neutraliseer. En jy het ons nodig om jou waardes en belange doeltreffend te beskerm.


Net die NP kan bereik wat die DP belowe.

Stem om te wen. Stem vir die nuwe Nasionale Party.

**WEES SEKER VAN 'N BETER LEWE**

**Stem vir FW de Klerk en die nuwe Nasionale Party**

NP Nasionale Party



X

Opgestel en uitgereik deur Marthinus van Schalkwyk, Marksgebou, Parlementstraat, Kaapstad.

OPTIMUM MARKETING COMMUNICATIONS 22661/A